Vrugtevliegbeheer is 'n groot uitdaging en hou massiewe risiko in indien dit nie reg bestuur word nie. Vrugtevlieë is 'n fitosanitêre plaag en kan 'n negatiewe impak hê op marktoegang van verskillende uitvoergewasse. *Bactrocera dorsalis* is ook 'n realiteit in Suid-Afrika en kom al in verskeie areas voor.

Vrugtevlieë het 'n wye gasheer-gewasrekking en is nie beperk tot 'n enkele gewas of produksiegebied nie. Dit beklemtoon dus die belangrikheid vir 'n industrie-wye vrugtevlieg beheerstrategie, aangesien dit kern belangrik is vir ons uitvoergewasse.

Die doel van die tegniese werkswinkel was om verskeie industrie rolspelers, op een platform bymekaar te kry en insette te bied rondom die belangrikheid en uitdagings vanuit 'n spesifieke industrie oogpunt.

Covid-19 het natuurlik 'n fisiese geleentheid gekniehalter, maar die feit dat dit in die vorm van 'n aanlyn webinar formaat aangebied is, het weer die geleentheid geskep om aansienlik meer mense blootstelling onderwerp te gee aan hierdie relevante onderwerp.

Die belangrikheid van 'n geïntegreerde vrugtevlieg beheerstrategie is sterk beklemtoon en tydens die eerste sessie is die prentjie geskets rondom die impak van vrugtevlieë in Suid-Afrika, die rol van area-wye vrugtevlieg beheerprogramme, die verspreiding van *Bactrocera dorsalis* in Suid-Afrika en dan ook die belangrikheid van effektiewe monitering as deel van effektiewe Vrugtevliegbeheer.

Tydens die tweede sessie is die nuwe ekologiese vrugtevliegprodukt vir massavangste ("Mass Trapping"), **CeraTrap®** bekendgestel. **CeraTrap®** word al etlike jare doeltreffend in meer as 30 lande gebruik as deel van die beheerstrategie. **CeraTrap®** is aan die einde van 2019, na uitgebreide proewe oor verskeie jare en areas in Suid-Afrika, geregistreer vir die beheer van al die belangrike vrugtevliegspesies, insluitend *Bactrocera dorsalis*.

'n Belangrike kwessie wat ook bespreek is, is die rol van vrugtevlieg seisoenlange populasiebestuur as deel van 'n geïntegreerde vrugtevlieg benadering. **CeraTrap®** is ideaal om deel uit te maak van so 'n populasie-beheerstrategie en navorsing het getoon dat jong vrugtevliegwyfies ongeveer 70% van die vangste in die lokval uitmaak. Bioiberica in Spanje is die vervaardiger van **CeraTrap®** en het ook hulle ervaring met die gebruik van **CeraTrap®** in ander lande gedeel.



Bertus Venter en Michelle Genis is hard aan die oefen vir die aanlyn werkswinkel se aanbieding.

Die beginsel van die **CeraTrap®** -tegnologie berus op die fisiese vang van vrugtevlieë deur middel van 'n baie effektiewe, en ekologies vriendelike, lokmiddel waarmee ons eie plaaslik ontwikkelde lokvalhouer gevul word. Die vrugtevlieë word gelok, en wanneer dit binne die lokval is, verdrink dit in die vloeistof. Daar is geen chemikalieë ter sprake nie en is 'n baie veilige en omgewingsvriendelike manier om vrugtevlieë te beheer.



Deidré Odendaal, Michelle Genis en Niel Kruger voldoen streng aan Covid-19 protokolle tydens die aanlyn werkswinkel.

Daar is tans verskeie beheeropsies geregistreer in Suid-Afrika en dit is positief dat daar hulpmiddels beskikbaar is vir produsente om te gebruik as deel van die sogenaamde "IPM Toolbox". CeraTrap® is nog so 'n hulpmiddel en ons is baie opgewonde oor die rol wat dit in die toekoms gaan speel in Suid-Afrika, veral as ons reeds die suksesse waar dit geïmplementeer word waarneem.

Soos genoem beïnvloed vrugtevlieë verskeie industrieë en tydens die derde sessie het SATI, Hortgro, die LNR en CRI 'n kort oorsig gegee rondom die impak van vrugtevlieë in onder andere tafeldruiwe, sagtevrugte, subtropiese vrugte en sitrus. Die webinar is afgesluit met 'n paneelbespreking waartydens relevante punte vir huidige asook toekomstige vrugtevlieëbeheer bespreek is.

Ons bedank al die deelnemende sprekers wat betrokke was om die webinar 'n groot sukses te maak, asook almal wat ingeskakel het by die opgestelde webinar. Ons glo dit baan die weg vir meer sulke interaktiewe en industrie-wye gespreksessies in die toekoms tot voordeel van die hele waardeketting, en ondersteunend tot die belangrike rol wat ons produsente in Suid-Afrika beklee.

Niel Kruger
Bemarkingsdirekteur, **InteliGro**

CeraTrap® contains protein hydrolysate (Reg. no. L10728, Act no. 36 of 1947); GREEN BAND; and is a registered product of Inteltek Crop Solutions (Pty.) Ltd




Photo: Nikola Rahmé



Photo: Viwat Wornayporn




Photo: International Institute of Tropical Agriculture




Photo: Picker & Griffiths

discussion topics

The importance of fruit flies in the South African context

Holistic view on the fruit fly challenges associated with export crops in South Africa

Aruna Manrakhan CRI

Bactrocera dorsalis - status in South Africa

Jan Hendrik Venter DALRRD

Area-wide fruit fly management approach

Nando Baard Fruit Fly Africa

Importance of fruit fly monitoring and available tools

Otto Frielingsdorf Chempac

CeraTrap® Launch:

Bioiberica presentation and global perspective

Ignasi Pons Bioiberica

CeraTrap® product information and Trials

Deidre Odendaal Meridian Agritech

CeraTrap® / CRI research feedback

Aruna Manrakhan CRI

Industry perspective on fruit fly management

Fruit Fly Management - A Market Access Perspective

Dawie Moelich SATI

Fruit flies in apples, pears and stone fruit

Matthew Addison Hortgro

Fruit flies - Subtropical Crops

Tertia Grové ARC





Intelekt Solutions: Swamdoderproewe in Gars 2020

Op 22 en 23 September 2020 is 2 Intelekt Solutions produsentedaes onderskeidelik op Bredasdorp en Heidelberg gehou waar ons inligting gedeel het spesifiek op verskeie swamdoderproewe ten opsigte van areas en verskillende variëteite.

Hierdie waardetoevoegings data is van onskatbare waarde om te verseker dat ons die korrekte, wetenskaplik gebaseerde inligting aan ons produsente verskaf om optimale opbrengste te kan kry.

Dirk van Eeden van **InteliGro** het die onderskeie dae gelei, terwyl Jan van Zyl terugvoering gedeel het oor proewe wat gedoen is met spoorelemente en biologiese oplossings.

Philip Rebel van ProCrop Consulting het as gasspreker die produsente kom toespreek oor die belangrikheid van korrekte toediening van produkte in kleingraan, druppelgrootte, spoed vorentoe en meer - voorwaar 'n onderwerp om goed op ag te slaan!



Die doel van die proewe

- Ons doen hierdie proewe om te bepaal wat die opbrengs op die belegging in 'n spesifieke area is.
- Omdat ons nie in 'n presiese omgewing lewe nie, sal dit jaarliks verskil en is dus 'n langtermynprojek.
- Die einddoel is om die beste riglyne vir 'n spesifieke area, in ag genome die jaar, daar te probeer stel.



SOSIALE INTERAKSIES IN DIE SUIDE

Baie geluk aan Johann de Jager!

Johann vier op 1 September 2020 sy 50 jaar in die landbouchemiese bedryf!



*Johan Hanekom
se verjaarsdag!*



ONS HET FEESGEVIER NA 'N REKORD-OMSET VERSLAG!

Na ons by die Suide kantoor almal saam 'n glasier vonkelwyn gedrink het, is ons na NuMetro by Century City, waar ons soos VIP's behandel is.

Ons het al die personeel die VIP ondervinding gegee en saam die fliek The High Note gekyk, kompleet in gemakstoele met 'n houer popcorn en slush puppy:)

Daarna is ons na die V&A Waterfront waar ons die aand afgesluit het met 'n ete by die Mozambik restaurant.

Shuttles was gereël vir almal vanaf **InteliGro** Suid se kantore en almal is na die tyd weer veilig tot by hulle huise geneem.



WELKOM BY DIE INTELIGRO FAMILIE!



Ons is trots om Leo Vermaak in die **InteliGro**-stal te verwelkom.

Leo het groot geword in Kirkwood en daar matrikuleer. Daarna het hy in Bloemfontein studeer. Hy het sy B.Agric graad in 2012 voltooi. Hy het teruggekeer na Kirkwood en het vir 5 jaar as produksiebestuurder vir Habata gewerk.

Leo het waardevolle praktiese boerdery ervaring in hierdie tyd opgedoen. In 2017 het hy by Villa Crop begin werk as Bemerkingsadviseur vir die Oos-Kaap. Leo het in die periode by Villa waardevolle landbouchemiese ervaring opgedoen en baie saam met Etienne van Greunen skouers geskuur.

InteliGro het Leo aangestel as GOS effektief vanaf Augustus 2020 en hy maak deel uit van die Kirkwood-span saam met Etienne van Greunen en MJ van der Mescht.

Leo is baie opgewonde oor die geleentheid om deel te wees van **InteliGro** en is seker hy is nou deel van die regte span mense. Hy sien uit om 'n bydrae te lewer en **InteliGro** se voetspoor in die Sondagsriviervallei en die groter Oos-Kaap te vergroot. Hy wil streef en fokus op dienslewering aan die produsente wat bydra tot optimale en volhoubare sitrusproduksie.

Ons sien Leo as 'n waardevolle aanwinst tot die **InteliGro** Oos-Kaap-span en glo sy positiewe energie en spangees sal **InteliGro** se waarde-aanbod sterk in die veld kan uitdra.



FUN DOWN SOUTH

Amber Elizabeth
PHOTOGRAPHY



the breakthrough in effective & ecological FRUIT FLY MANAGEMENT



CeraTrap[®]

a CERTAIN solution

MASS TRAPPING
POPULATION CONTROL
ZERO RESIDUE
PESTICIDE FREE

- MEDITERRANEAN FRUIT FLY (*Ceratitis capitata*)
- ORIENTAL FRUIT FLY (*Bactrocera dorsalis*)
- MARULA FRUIT FLY (*Ceratitis cosyra*)
- NATAL FRUIT FLY (*Ceratitis rosa*)

CeraTrap[®] is
registered on the
following crops:

- Table Grapes
- Stone Fruit
- Pome Fruit
- Citrus

 **IntelliBio**
solutions

CeraTrap[®] contains protein hydrolysate
(Reg. no. L10728, Act no. 36 of 1947); GREEN BAND;
and is a registered product of Intellect Crop Solutions (Pty.) Ltd.


SUPPLIED BY
 **Meridian**
agritech
info@agritech.co.za | www.agritech.co.za

www.ceratrap.co.za

DISTRIBUTED BY
 **IntelliGro**
intelligent crop solutions
info@inteligro.co.za | www.inteligro.co.za



NORTH



Die Kragspan vir die Produsent!

InteliGro en die VKB-groep kondig met trots 'n nuwe strategiese samewerkingsooreenkoms aan.

Gedifferensieerd, Doelgerig en Aanpasbaar - van die sleutel suksesfaktore waaroor enige sportsman – en produsent - moet beskik om te seëvier. Uitdagings, en die vermoë om aan te pas word dikwels in dieselfde sin gebruik wanneer volhoubare produksie beskryf word, soveel meer om te midde van die talle uitdagings in die Suid-Afrikaanse landbousektor.

Om veranderings aan te bring sodat jy die uitdagings van die veranderende omgewing kan weerstaan, is dikwels 'n realiteit, maar ook 'n berekende risiko wat geneem moet word om volhoubaar te bly. Dit beteken om gedurig en krities bestaande praktyke te evalueer op soek na meer effektiewe metodes.

Die Suid-Afrikaanse landboubedryf ervaar druk uit verskeie oorde en het 'n behoefte aan vennote wat ernstig is om tasbare waarde op plaasvlak toe te voeg. **InteliGro** en VKB het juis met hierdie doel voor oë besluit om kragte saam te snoer tot voordeel van die produsent.



Op 13 Augustus het **InteliGro** en VKB hul strategiese samewerking aangekondig.

Om aan die Covid-19-regulasies te voldoen, is die bekendstellings op 'n paar plekke deur die streek versprei. Boere, verteenwoordigers en verskaffers kon lekkernye geniet terwyl hulle na 'n regstreekse uitsending luister met onder meer die rugbylegende John Smit, Rudolph Geldenhuys van InteliChem en Koos Janse van Rensburg van VKB as gassprekers.

Deelnemers het aanlyn aangemeld om meer te wete te kom oor hierdie strategiese vennootskap.

Janet Lawless van **InteliGro** as seremoniemeester het die sessie geopen met "Ek het skoenlappers in my maag van opgewondenheid!" met verwysing na die baanbrekersoplossing wat die beste by die boer se behoeftes pas.



V.L.N.R. Francois Swanepoel (VKB), Janet Lawless (InteliGro), rugby legende John Smit (gasspreker), Rudolph Geldenhuys (InteliChem), Koos Janse van Rensburg (VKB), Johan Nienaber (InteliGro)



Die bestuur van insetkoste, produksie-finansiering en effektiewe bemaking is van die faktore wat 'n groot rol speel in volhoubare produksie waarvoor die produsent min of geen beheer het nie. Hierdie unieke samewerking tussen **InteliGro** en **VKB** wil saam met die produsent hierdie faktore meer effektief bestuur sodat die produsent kan fokus op dit waarin hy goed is- en dit is om te produseer.

Deur hierdie samewerking kan produsente meer koste-effektief en optimaal van saad- en gewasoplossingsprodukte voorsien word. Die sinergieë tussen die maatskappye bied 'n sakpas gedifferensieerde aanbod wat wesenlike finansiële voordele inhou en tans by geen ander verskaffer in Suid-Afrika beskikbaar is nie.



Janet Lawless (InteliGro), Rudolph Geldenhuys (InteliChem), rugby legende John Smit en Koos Janse van Rensburg (VKB) gesels oor sleutelsuksesfaktore in beide sport en besigheid.

**Kontak InteliGro
of VKB vir meer
inligting:**

**info@inteligro.co.za
vkb@vkb.co.za**

Gewasoplossing spesialiste van **InteliGro** sal produsente van tegniese advies voorsien en die kundige tegniese span sal verdere ondersteuning bied.

Benewens produksie-finansiering om produsente in staat te stel om die nodige insette te bekom, bied VKB ook 'n afset vir produsente se produkte.

InteliGro bied omvattende gewasbeskermings-, gespesialiseerde plantvoedings- en biologiese oplossings asook ondersteunende tegnologie vir rygewasse en aartappels as deel van die strategiese samewerking en word deur sleutelverskaffers ondersteun.



REKORD MIELIE-OES

Dit is iewers in die helfte van November 2019... 'n kaalvoetkind hardloop sy Hilux-draadkar stukkend.

Dis droog, misoeste vir 5 jaar al! Daar is nie ondervog nie. Planttyd is al hier, die geld is op. Daar's nie glimlagte nie.

Die een stofstorm na die ander maak dat Hoopstad se straatligte helder oordag aangaan. Hoopstad..... 'n dorpie wat bekend is vir sy boere en sy mense se hoop! Ashoop.... is dit al hoop....

Dan begin dit reën - 19mm. Die dankbaarheidstrane is meer as die reën. Masjiene dreun en die boere brand diesell (Dis die term vir rip).

Dan plant in die stof met gebed dis... die saailinge sukkel hulle paadjies boontoe, die worteltjies soek klammigheid, een vir een vou die blaartjies oop, dan weer toe, dit bly warm en droog.

"Daars hoop dit gaan reën," sê Tiaan.

"Manne, hou moed! 2 de Desember 15 mm. Brand nog diesell! Rip, plant, spuit, hoe hou mens dit uit!"

Dan, asof die hemel die smarte aanhoor, begin dit reën. Elke week 10mm, 20mm, 40mm en 60mm.

Rip, reënt, plant, reënt, spuit, reënt, skoffel, reënt, spuit, reënt, die sluise van die Hemel maak oop....

Die boere weet wat hulle doen.. Mielies, oral, hoek tot hoek!

Die manne help mekaar... Trekkers val vas, planters spook deur die modder. Desember verby, kry nie klaar geplant nie, dis te nat. Plant in Januarie, die een bui na die ander.... Die eens dorre kaal vlaktes raak binne 2 weke groen.

Dis maar net 'n gemiddelde reënjaar - 550mm vir die seisoen.

Die somberheid wat aangevoel kon word is histories, nuwe moed nuwe hoop! Dis Lock down, maar nie in Hoopstad nie. Hier lewe mense weer!

Strooptyd breek aan. Stropers val vas, dis te nat! Die manne maak planne, sit trakbande aan.

Die oes kom in, in oorvloed! Maskers breek nie glimlagte nie, dis in mense se oë.

Die Here het voorsien!

Dankbaarheid is 'n welbekende gevoel in Hoopstad!

En iewers in 'n stofpad buig 'n kaalvoetkind sy draadkar weer reg...

Gerrie Ludick





TABAKBEDRYF 2020

In die afgelope jaar was daar talle uitdagings in die tabakbedryf en een hiervan was die Covid-19 se uitdagings. Tydens die eerste 6 weke van die inperking kon daar geen tabaklewering plaasvind nie en was dit dan so dat dit in die piek leweringstyd van die jaar was.

Die gevolg hiervan was, om die minste te sê katastrofies, vir die produsent.

Om hierop uit te brei, werk die lewerings as volg:

Die produsent lewer elke week 'n vooraf ooreengekome hoeveelheid tabak aan die koöperasie.

Elke lewering word dan 'n week later uitbetaal, waarvan die sessiehouer 'n gedeelte kry en die produsent 'n gedeelte.

Die gedeelte van die produsent raak dan hoër soos die lening kleiner word. Dit gesê was die kontantvloeï van die produsent totaal vernietig en was die gevolg in die ketting af geweldig, met insetverskaffers, soos ons wat ook moes wag vir betalings.

Handelsbanke het wel gehelp met nodige kontant om werknemers te betaal. Hulle het ook betaalde vakansies aangebied, maar dit alles het gekom met die prys dat rente gehef is op agterstallige gelde.

Suid-Afrika produseer genoeg tabak vir binnelandse verbruik en ons pryse word nie vasgestel met die R/\$ in gedagte nie.

Tabak word hier in Rande gekoop en verkoop. Daarom kan die verswakking van die Rand teenoor die Dollar nie in hierdie scenario gehelp het soos met uitvoerprodukte nie. Die grootste koper van tabak in die land het die kwota wat hy aankoop gesny met 10% wat 1 miljoen per kilogram beteken! Daar is ook geen verhoging in prys vir die volgende jaar nie en soos ons weet gaan insette sekerlik met nie minder as 15% styg nie.

Om mee af te sluit, die tabakboer in die land is onder druk. Al lyk die syfers van Rand/ha groot, was dit 'n baie hoë risiko-gewas met baie hoë insetkoste.

Die tabakbedryf is 'n krimpende bedryf met groeiende uitdagings. Hoe lank gaan ons nog genoeg binnelands produseer? Ek weet nie, maar ek weet die uitdagings is groot!

Mias van der Ryst



MOOI TABAK OP ALMA

ONDERHOUD MET JOHAN NIENABER OOR DIE IMPAK VAN COVID-19 IN DIE WERKSPEK

'n Onderhoud is gevoer met Johan Nienaber (JJ), Streeksdirekteur: Noord, om vas te stel wat sy gedagtes is rondom die kort- en langtermyn effek van COVID-19 en die Grendelstaat op die maatskappy asook die werknemers en hoe tegnologie ons kan baat in die huidige situasie om die kontinuïteit van die maatskappy te verseker.



Vraag 1

Tegnologie speel uiteraard 'n baie groot rol met die mitgasie van die huidige "State of Disaster" waarin ons onself bevind. Wat sou jy sê is die rol wat tegnologie speel binne InteliGro om te verseker dat die besigheid steeds kan funksioneer? Gaan hierdie tydperk die wyse waarop tegnologie gebruik word binne InteliGro beïnvloed/verander vir die pad vorentoe?

Die rol van besigheidskontinuïteit as risikobestuur is krities. Dit het **InteliGro** in staat gestel om tegnologiese prosesse te aktiveer sodat personeel onder meer volle funksionaliteit vanaf hul huise kan geniet. Afdelings soos voorraad en logistiek vereis egter steeds insette vanaf die kantoor/stoor maar deur middel van tegnologie kan streng beperkinge toegepas word rakende personeelbenutting byvoorbeeld - die implementering van skofte.

In Julie 2019 het Forbes 'n interessante artikel, geskryf deur Bernard Marr, gepubliseer, "The Future of Work: Important Ways Jobs Will Change in the 4th Industrial Revolution". Die artikel verwys na 'n gedentraliseerde werksbasis, dus is hierdie 'n goeie leerskool vir ons almal om aan te pas by die toekomstige werksomgewing.

Tydsbenutting en effektiwiteit is kern drywers, sowel as werks gemak en werknemer tevredenheid. Die buigsaamheid wat tegnologie bied gaan definitief tyd, prioritisering en effektiwiteit verhoog. Ek glo ons stap (op 'n goeie manier) geforseerd in 'n rigting wat ons aanpasbaar maak om by die 4de Industriële Revolusie in te skakel.

Vraag 2

Sou jy sê dit is nodig dat mense hulle oriëntasie aanpas/verander rondom hoe hulle daaglikse take aanpak nou dat meeste "remotely" of van die huis as werk?

Self-oriëntasie en selfdisipline is belangrik vir ons span en vorm deel van ons kultuur en waardes. Die aanpassing om van die huis af te werk het tot dusver voordele vir ons ingehou (ons kon personeel bekommernisse rondom COVID-19 direk aanspreek) en word effektiwiteit en uitvoerbaarheid nie betwyfel nie. Ons is bevoorreg om 'n uitnemende span te hê wat saam na 'n gemeenskaplike doel, strategie en visie werk.

Vraag 3

Dink jy dit is meer uitdagend om nou 'n bestuursfunksie te verrig weens die uitskakeling van "aangesig tot aangesig" kontak met werknemers of bereik die ander metodes van kommunikasie tot ons beskikking dieselfde doelwit?

Ek glo ons begin anders dink hieroor maar ons moet steeds behoorlik kan beoordeel watter situasies benodig aangesig tot aangesig kontak teenoor tegnologie:

1. Bestuursvergaderings kan byvoorbeeld deur die benutting van tegnologie (Teams/Skype/Zoom) suksesvol geskied, sowel as enige soortgelyke vergadering met 'n vooropgestelde agenda, aksielys en punte vir bespreking.
2. Strategie-formulering behoort egter aangesig tot aangesig te geskied aangesien dit 'n werksessie is waartydens insette, opinies en raad gedebatteer word ten einde die doel van 'n gesamentlike geformuleerde strategie te bereik en uit te rol.
3. Noem my maar "old school" maar wanneer dit kom by personeelgesprekke is my voorkeur aangesig tot aangesig. Daardie kontak eerder as konneksie en tyd is kosbaar en moeilik om te behou deur tegnologie. 'n Kombinasie van tegnologie en persoonlike kontak kan egter oorweeg en suksesvol geïmplementeer word.



Vraag 4

Watter lesse dink jy gaan ons as maatskappy leer uit die huidige situasie?

1. **Aanpasbaarheid** – dat ons meer aanpasbaar is as wat ons dink en vlugtig en effektief kan implementeer.
2. **Innoverend** – wanneer 'n groep mense bymekaar kom, kan soveel meer oplossings bereik word om uitdagings die hoof te bied.
3. **Toekomsgeredheid** – ons word intensioneel voorberei vir die toekoms van werk en die benutting van tegnologie.
4. **Inspirasie** – om te sien hoe almal so vinnig en na aan mekaar kan beweeg in uitdagende tye, mekaar kan motiveer en steeds 'n dryfvet om bo die "eie ek" sindroom uit te styg en te doen wat nodig is om hierdie maatskappy 'n groot sukses te maak. Ons staan in nederigheid, dankbaarheid, en meer as alles, in bewondering vir ons mense.

Dus kan ons verseker wees dat sommige veranderinge, wat teweeggebring is met COVID-19 en die grendelstaat, beslis met ons gaan wees nog lank nadat die pandemie sy gang gegaan het.

Gedurende Junie 2020 het Euromonitor International data gepubliseer rondom die verwagte veranderinge binne die verbruikersmark na afloop van die COVID-19 pandemie en wil ek graag ter afsluiting die volgende ses temas as nadenke aan u voorhou:



From Sustainability to Purpose



Hometainment and the New Experiential Consumer



Where and How Consumers Shop



Wellness Redefined



The 'New Normal': What's Here to Stay?



Innovation and the New 'Core'

From Sustainability to Purpose

Initiatives move beyond ethical and eco-conscious to a holistic approach that creates social, environmental and economic benefits.

Hometainment and the New Experiential Consumer

Out-of-home activities are brought online, and these virtual experiences must provide as much value as in-person occasions.

Where and How Consumers Shop

Rapid shift to e-commerce, click-and-collect options and the direct-to-consumer channel accelerate digital disruption.

Wellness Redefined

Consumers focus on achieving optimal health. Happiness becomes a tangible commercial prospect.

The 'New Normal'

What's Here to Stay?: Online shopping, remote living, decreased discretionary spending and self-care will shape consumer behavior.

Innovation and the New 'Core'

Efficiency and value drive product development. Brands need to recognize and align with fundamental consumer needs.

"Challenges are what make life interesting and overcoming them is what makes life meaningful."
- Joshua J. Marine





IntelGro Kidz is formeel by drie skole betrokke: Viljoenskroon, Reitz Landbou Akademie en Hoopstad.

Gedurende die Covid-19 grendeltydperk het ons geleentheid geskep om by die leerders betrokke te bly. Wonderlike inisiatiewe en geleenthede het in die tyd na vore gekom waaronder die ontstaan van Viljoenskroon skool se gefokusde landbourigting - Die **IntelGro** Landbousentrum.

Dit behels basies die insluiting van landbougerigte vakke, wat handel oor landboubestuur en praktiese vaardighede wat ten doel het om leerders toe te rus met vaardighede wat hulle nodig het vir die praktyk.

IntelGro is baie opgewonde om formeel die pad saam met Viljoenskroon skool (Hoërskool Salomon Senekal) te stap om sodoende ons toekoms te help skep.



Foto: (Van links na regs)
Mnr. Nortman (Hoërskool Salomon Senekal, Skoolhoof), Kobus Jordaan (**IntelGro**), Benton Nortman, Janet Lawless (**IntelGro**) tydens die oorhandiging van **IntelGro Kidz** landbouhemde.



Foto: Mnr. Steve Tereblanche (Fick en Seuns) tydens 'n aartappel-inligtingsdag saam met Reitz Landbou Akademie.



InteliGro Kidz tydens Covid-19

InteliGro Kidz Lockdown Tydkapsule is 'n projek wat tydens die grendeltydperk by ons skole geïmplementeer is.

Ons kon weens Covid-19 nie praktiese of enige kontakssessie met die skole hê nie; daarom het ons die inisiatief geloods.

Daardeur kon ons steeds 'n boodskap van hoop en omgee uitdra.

2020 LOCK DOWN TYDKAPSULE COVID-19



**HOE GAAN DIE WERELD
ANDERS WEES NA COVID-19**

**HOE SPEEL LANDBOU 'N ROL
TYDENS LOCKDOWN?**





**HOE KAN ONS DIE NATUUR
HIERNA BETER OPPAS?**

HANDTEKENING _____

InteliGro
KIDZ
TYDKAPSULE

ONTHOU....

Jy lewe nou deur 'n geskiedkundige oomblik

Neem 'n oomblik en vul die bladsye in vir ons tydkapsule sodat ons kan die tye kan onthou en weer in die toekoms daarvoor kan lees.

Maak die bladsye kleurvol, plak fotos, heg boodskappe aan - sodat ons tydkapsule 'n **BOODSKAP VAN HOOP** vir die toekoms bevat.

Idee om ook in te sluit:

- Fotos van hierdie tyd
- Nuusopskrifte
- Kunswerke wat jy gemaak het
- Familie boodskappe saam met wie jy 'lockdown'
- Spesiale herinneringe



Na Covid-19 Lockdown sal ons die beste boodskappe in 'n tydkapsule begrawe, wat weer oor **10 JAAR** opgemaak en gelees sal word!



InteliGro
KIDZ
TYDKAPSULE

Foto: Reitz Landbou Akademie
Leerders tydens die VKB
Bieliemieliefes in Reitz



INTELGRO NOORD SE PRYSUITDELING TE MIDDE VAN COVID-19



Hierdie dag was een vir die boeke.

As gevolg van omstandighede kon ons nie op die tradisionele manier ons mooi-moois aantrek en 'n ordentlike opskop hou nie, maar dit het geen afbreek aan die geleentheid gemaak nie.

Ons het op nr. 99 besluit om na afloop van ons gesamentlike (Oos en Wes) streeksvergadering in Viljoenskroon tog geleentheid te skep om dankie te sê vir harde werk en uitmuntende prestasies.

Die toppresterders word beloon en erkenning gegee by hierdie geleentheid, egter staan ons in dankbaarheid vir elkeen se durf en daad in die seisoen. Elke bydrae voeg waarde toe waar ons, ons merk kan maak ten opsigte van die **IntelliGro** waarde-aanbieding aan primêre produsente. Hierdie geleentheid word gekenmerk om prestasies te vier en om as span vir mekaar dankie te sê.

Die volgende pryse is oorhandig

1. Langdiens

15 jaar- Peter Newton

10 jaar- Bertus Maartens en Gerrie vd Westhuizen

2. Beste Bemarker

Vrystaat – Piet Venter

Noordwes- Tommie Wiersma

KwaZulu- Natal- Dean Richardson

Limpopo- Pine Liebenberg

Mpumalanga- Wessel Vermaas

Gauteng- Christopher Nowak



Foto: Gerrie vd Westhuizen en Johan Nienaber

3. Beste Omset en Bruto Wins

Chemie – Pine Liebenberg

4. Beste Omset en Bruto Wins

Plantvoeding- Arthur Lilford

5. Beste Bedryfskapitaal Bestuur

Dewald Pieters



Foto: Dewald Pieters en Ronel Nel

6. Depot van die Jaar

Tarlton- Christopher en Lee-Anne Nowak

7. Beste Vordering in Bemarking

Christopher Nowak

8. Bemarker van die jaar

1ste Tommie Wiersma

2de Christopher Nowak

3de Pine Liebenberg



Foto: Stefan van Dyk & Christopher Nowak



Foto: Tommie Wiersma en Johan Nienaber

Ons het nie net ons toppresteerders beloon nie, maar ook 'n groot gees gegroet. Boet Wienand het ons gelei in die afskeid waar hy 'n paar gepasde woorde kon spreek oor Sidney se bydrae spesifiek aan ons almal.

Sidney Visser, jare lange vriend en Monsanto (nou Bayer) kollega het vir 'n paar krokodilrane gesorg toe hy die **InteliGro** manne op sy laaste 'trip down memory lane' gevat het: Botswana, Zambië, Brazil, Duitsland, Namibië, Maldives, Hongarye, Amerika, Tanzanië ...

Ons groet 'n merkwaardige man wat diep spore in ons **InteliGro** harte getrap het.



Afsluiting

In hierdie vervang met ongehoorde tye, wil ons ook dankie sê vir elkeen se aanpasbaarheid en bereidwilligheid om ekstra moeite te doen om die **InteliGro** waarde-aanbieding, suksesvol in die veld uit te rol.

Ons wil elkeen bedank wat die dag betrokke was, dankie vir elkeen wat ook die dag gereël het en vir die wat dit nie kon maak nie, sien ons uit na 'n volgende geleentheid waar ons weer kan skouers skuur. "Yster slyp yster en vriende vorm mekaar



Foto: V.L.N.R: Boet Wienand, Johan Nienaber, Sidney Visser

InteliGro het vroeër die jaar 'n **Intellect Solutions** aartappeldag buite Harismith gehou. Aartappelprodusente en **InteliGro** Gewas Oplossing Spesialiste het op die plaas Smaldeel van die Ferreira-familie byeengekom.

Op hierdie perseel is daar strookproewe met verskillende kultivars deur die moerkwekers-groep Wesgrow gedoen, asook verskillende gewasbeskermingsproewe met die fokus op opbrengs op belegging.

*"'n Kritiese komponent van **InteliGro** se waarde-toevoeging op plaasvlak is egter die opbou en beskikbaarstel van onafhanklike, betroubare en statistiese data. Ons glo dat betroubare data 'n kern rol in tydige, akkurate besluitneming speel wat 'n bepalende faktor is tot ons produsente se volhoubaarheid," aldus Janet Lawless, **InteliGro** Noord Bemarkingsbestuurder.*

Theo Ferreira, van Ferrero Boerdery, het die belangrikheid van venootskappe in hulle boerdery uitgelig. Een van die pilare van hierdie venootskap berus op effektiewe risiko-bestuur deur die selektiewe en verantwoordelike gebruik van nuwe tegnologie wat in die industrie beskikbaar is.

André Erasmus, **InteliGro** TMS, het oor die belangrikheid van monitoring van die aartappelmot gesels
"Monitoring kan van onskatbare waarde wees om die mot betyds te identifiseer en ook die populasie te monitor voor en na bespuitings. Op hierdie manier kan ook vasgestel word watter bespuiting meer of minder effektief is en om selfs te bepaal of addisionele bespuitings nodig is of nie."

Verskeie aktiewe bestanddele word op 'n globale vlak jaarliks getermineer as gevolg van 'n ongewenste omgewings of menslike gebruikprofiel. 'n Groot bekommernis is ook die verlies aan voorheen effektiewe produkte wat weens oneffektiwiteit as gevolg van maatskappike weerstand nie meer gebruik word nie.

Daar is ook 'n groot verbruiker tendens wat minimum residue of selfs geen residue op vars groente en vrugte ondersteun.

'n Geïntegreerde gewasbeskermingsbenadering en die regte posisionering van verskillende groepe chemie is dus van kardinale belang om bogenoemde uitdagings die hoof te bied.

Intellect Solutions - waar ons deur onafhanklike en statistiese proewe inligting inwin om ons tegniese advies te ondersteun en sodoende 'n leier in die industrie te bly.





PARTY UP NORTH





IntelGro

intelligent crop solutions

**IPM
FOCUS**

IntelGro is focused on adding value to our clients by ensuring sustainable technical solutions and by focusing on optimising yields and quality crop production.



IntelBio
solutions



**Intellect
Solutions**
data driven future



IntelFarm

WHAT WE OFFER

- Sustainable crop protection
- Integrated biological offering
- IntelBio Solutions™
- Customised plant nutrition advice
- Specialist technical support and a comprehensive product portfolio
- Professional crop specialists
- Innovative supportive technology

with us you are
**growing
goodness**

Viljoenskroon Tel: +27 56 343 3444

Wellington Tel: +27 56 343 3444



info@intelgro.co.za



www.intelgro.co.za





Meridian
agritech

SUMMER EDITION
2020

NEWS

2020 was our
**RECORD
YEAR!**

It's our birthday



with us you are
growing goodness



Innovative supplier of a comprehensive, high-quality range of integrated crop solution products



- Dedicated in-house product development
- Differentiated and integrated crop solution products
- Long-standing relationships with leading international suppliers
- Formulation facilities and quality control laboratory
- Logistical infrastructure and warehousing



WE ARE 20!

WHAT A JOURNEY IT HAS BEEN!

20 years on...
and **Meridian Agritech**
has grown into a formidable
force in the Agrochemical market
in South Africa.



Meridian agritech



Born partly out of necessity and partly out of passion, Mike Dawson began from zero in the first half of the year 2000. Let's just say Y2K was exceptional for Mike. Things started slowly, with a few product trials, working towards the first registrations. Mike did these trials himself with an old bakkie which he bought with his retrenchment package.

Encouragement from Dirk and Chris van Eeden was inspirational and sorely needed at that time – Mike still looks back with amazement that industry stalwarts would at that time support a 'nobody' !



OUR FIRST MAJOR ORDER

The relationship with IntelliGro (Terason in those days) started right at the beginning, with Meridian's first major order coming from Terason.

Mike tells the story "we got the order which was a defining moment in the company's history, but my immediate thought was, oh heck, how am I going to pay for this!"

Those were the days before credit lines from the suppliers or the bank, so it was pay upfront or don't get the product.

Mike had nothing to offer the bank at the time but Basie (Makhetshim-Agan at that time) agreed to help him.

The product was formulated by Kombat in Greytown and it seemed like a mountain of product to move.

2001
MONELO
R270 000,00

TEL: 391-3619 FAX: 391-3619 CELL 083 400 8056 VAT REG NO: 4120189206		Tax Invoice																				
MERIDIAN AGRITECH P O BOX 10894 ASTON MANOR 1630		Date	25/07/2001																			
		Page	1																			
		Document No	INA10002																			
TERASON (PTY) LTD P O BOX 100 HUGUENOT 7645		Deliver to P O BOX 100 HUGUENOT 7645																				
Account	Your Reference	Tax Exempt	Tax Reference	Sales Code	Cost Code	Exclusive																
TRS001		N																				
<table border="1"><thead><tr><th>Item</th><th>Description</th><th>Quantity</th><th>Unit</th><th>Unit Price</th><th>Disc</th><th>Tax</th><th>Nett Price</th></tr></thead><tbody><tr><td>MON</td><td>MONELO 90 VDG 5KG</td><td>1,000.00</td><td>1</td><td>270.00</td><td></td><td>37,800.00</td><td>270,000.00</td></tr></tbody></table>							Item	Description	Quantity	Unit	Unit Price	Disc	Tax	Nett Price	MON	MONELO 90 VDG 5KG	1,000.00	1	270.00		37,800.00	270,000.00
Item	Description	Quantity	Unit	Unit Price	Disc	Tax	Nett Price															
MON	MONELO 90 VDG 5KG	1,000.00	1	270.00		37,800.00	270,000.00															
<table border="1"><tr><td>Sub Total</td><td>270,000.00</td></tr><tr><td>Discount @</td><td>0.00%</td></tr><tr><td>Amount Excl Tax</td><td>270,000.00</td></tr><tr><td>Tax</td><td>37,800.00</td></tr><tr><td>Total</td><td>307,800.00</td></tr></table>							Sub Total	270,000.00	Discount @	0.00%	Amount Excl Tax	270,000.00	Tax	37,800.00	Total	307,800.00						
Sub Total	270,000.00																					
Discount @	0.00%																					
Amount Excl Tax	270,000.00																					
Tax	37,800.00																					
Total	307,800.00																					
Received in good order																						
Signed _____ Date _____																						
Copyright Postal																						

FORMULATION DEVELOPMENT

Early product development was intimidating but at the same time invigorating with the likes of imidacloprid soon to come off patent and GMO's still being developed.

The early years of production were done as toll formulations at Kombat and Fountain. It was only from 2008 that Meridian Agritech had their own formulation facility.


Even that has evolved, from a couple of mixing tanks and a mill with very rudimentary filling methods, into what it is today.

Meridian Agritech prides itself on quality products, which can only be achieved through dedicated quality control, physically separated production equipment for various product categories to prevent contamination, and an on-site laboratory.

This production and formulation team is headed by Avakholwi (Avi) Khakhu, who was the company's first employee. He has grown immensely within the company and has a wealth of experience in product development and formulation methods.



Avakholwi (Avi) Khakhu



FAST FORWARD 20 YEARS....

Wow, it's hard to believe it's been that long already!

A number of years into the company's existence, Rob Dawson joined his brother Mike as a full time employee of **Meridian Agritech**. From the beginning of 2014, the two were a formidable team, growing the business together at a pace which saw it double in size over a 2 year period, and projected to be three time its size for the 2021 budget year.

Rob brought a different dimension to the team born out of 7 years of international experience in London and Hong Kong. Initially taking on the finance, HR and Payroll, as well as joint operational responsibility. Moving full circle, Mike decided to emigrate in 2018, essentially turn over the reins to Rob who has since then taken full responsibility for the entire company, supported by a highly capable and effective management team.



The first 50% shares IntelliChem acquired in Meridian Agritech was celebrated in 2015 with a bottle of Moët & Chandon... in wine glasses(!).

Rudolph Geldenhuys, Gideon Hefer, Mike Dawson, Rob Dawson

THE MERIDIAN AGRITECH LOGO EVOLUTION

1

The first logo was designed to represent inward facing compass needles since Mike had ambitions to feed Africa with safe agrochemicals and where does one start... inwards with oneself.



2

This evolved with a similar design around 2005.




3

Finally it changed in 2019 after the full integration into the IntelliChem group to be consistent with the rest of the group logos.



LABELS THEN AND NOW



COVID-19

DIE IMPAK VAN COVID-19 OP MERIDIAN AGRITECH

Soos vorige jare het ons in November reeds die eerste 6 maande van die jaar se voorraad bestel, wat ons in 'n baie goeie posisie geplaas het t.o.v. produksieverskaffing. Toe die Covid-19 pandemie aanbreek het ons dadelik aksie geneem en volumes op sekere produkte vir die jaar vasgemaak en bestel.

Alhoewel ons al die nodige voorsorg getref het, kon niemand die impak voorspel nie. Die hawens se 'clearing of goods and release' was een van die grootste uitdagings wat ons moes ervaar, aangesien hulle op 'n stadium slegs teen 'n 30% kapasiteit gewerk het! Verder was baie van ons verskaffers in die Ooste onder streng 'lockdown' wat fabriek se produksie van tegniese materiaal tot 2 maande uitgestel het en groot druk op bestellings geplaas het. Boonop het al hoe minder houers van China aangekom, wat beteken het dat al hoe minder houers weer uitgelaaie kon word met voorraad, van wat verdere vertraging veroorsaak het.

Ons fabriek het die heeltijd produk bly produseer, alhoewel ons aan die begin van Covid-19 Lockdown met beperkte aantal personeel gewerk het. Die verkryging van etikette was 'n uitdaging a.g.v. van Covid-19 infeksies en 'skeleton staff' wat produksie moet volhou by drukkers. Ek moet wel sê dat dinge beter is as wat dit vroeër in die jaar was. Die beste vir ons was maar om aan te pas en die beste van die situasie maak.

Gert Visser



Ons Research and Innovation span handhaaf streng Covid-19 protokolle tydens 'n aanlyn-opleidingsdag.

With over 165 product registrations currently and an additional 50 at Act No. 36 waiting in the wings for approval, **Meridian Agritech** has achieved things which are surely enviable by many in the industry.

The products span, herbicides, insecticides, fungicides, PGRs, and adjuvants. It would be difficult to single out any number of products as they are all important, adding value to the company in various ways.





Covid-19 has scuppered many plans for many people. One of those being **Meridian Agritech's** ambitions to take on various teams in an official football (soccer) league. 2020 would have been the first year in which the team played in the league, however as we all know gatherings have been prohibited and the league was cancelled.

That just means the **Meridian Agritech** team will have to hold the trophy twice as high in 2021!

OUR SOCIAL RESPONSIBILITY

Social responsibility is more relevant recently than ever before. **Meridian Agritech** donates 1000s of kg of food to various schools for the benefit of the children. A well-fed learner is a learner indeed, their concentration level improving with food being provided a proven fact. A hungry child will concentrate more on their hunger than on the lessons being taught.

The company is privileged to be in the position to make this possible, and hold our heads high knowing there has been a contribution to society. These efforts are headed by Ruan du Toit, who is also the Financial Manager. Ruan has taken on a lot of responsibility in the company, which spans across operational, HR and payroll, as well as financial.

Ruan has immense experience and has added exceptional value to the company. Ruan has also been fully responsible for the process which enabled **Meridian Agritech** to achieve a level 4 BBBEE rating. This is not only a further contribution towards the country and previously disadvantaged communities, but with stand the company in good stead for the future.



“350 000 South African children are added to the ‘stunting pool’ every year.”

A growing child needs protein, which is an essential macro-nutrient for human growth. As animal-sourced proteins are not readily available to impoverished children, In South Africa, feeding schemes rely on maize and soya to feed these underprivileged children. Maize is our cheap and available staple. Soya acts as a cost-effective protein source.


The key is to use affordable and nutrient-dense ready-to-eat alternatives to corn-soy-sugar blends. Pre-cooked recipes should contain a variety of whole grains, whole legumes and a selection of dried dairy products and should carry bio-available plant-based and animal-sourced proteins. Only then will it deliver daily growth nutrients to children growing up in impoverished communities.

Meals like these are aimed at breaking the cycle of stunted kids thus giving them the opportunity to grow and excel, in the process shaping a better South Africa.

IT WAS A **RECORD YEAR** FOR MERIDIAN AGRITECH!

Meridian Agritech's turnover exceeded budget by 17.69% and the comparative previous period by 38.13% which contributed significantly to Group performance.

Well done to the Meridian Agritech team and those supporting their products – truly exemplary performance!



We are proud to announce that we received our Level 4 BEE (Broad-Based Black Economic Empowerment) Verification Certificate, indicating our 100% BEE Procurement Recognition.



Meridian Agritech is fully committed to transformation, upliftment and integration in agriculture.

We regard it as an investment in future generations, a noble legacy and a contribution to the inclusive growth of the South African agricultural industry.





Present day challenges are real, and certainly different from any other year!

Meridian Agritech is privileged and fortunate to have been classified as essential services, meaning production, R&I and general operations never stopped at any point in 2020. Amidst relative chaos, busines closures and people either losing their jobs or getting significant pay cuts, it is a proud moment announcing to staff that not only will they get full pay, but also get increases.

The company continues to go from strength to strength, albeit with CV-19 protocols in place as dictated by government and the Department of Health. Sanitising stations were installed in all relevant areas of the factory and offices. Constant reiteration of the necessity to remain vigilant, wear masks, sanitise regularly have been repeated ad nauseum...a necessary evil, but absolutely essential to keep everybody safe.

It is truly a privilege to know that **Meridian Agritech** is heading for another good year with revenues year to date surpassing all expectation, one can only hope the trajectory continues.

This could not be achieved without the support of InteliChem and InteliGro. The management and staff of both companies have gone above and beyond to show support for a small company started a mere 20 year ago.

As Bob Dylan sang "**times they are a changing**" and those who refuse to change or adapt will be left behind. The only constant in life is change!

Rob Dawson



Op 13 Augustus 2020 het InteliGro en VKB hulle strategiese samewerkingsplan tydens 'n mooi geleentheid net buitekant Reitz in die Oos-Vrystaat bekendgestel.

John Smit, die 2007 rugby-wêreldbekerkaptein, was die gasspreker van die dag en het saam met lede van VKB en InteliGro aan 'n paneelbespreking deelgeneem.



Weens die Covid-19 regulasies en streng protokolle is die geleentheid op verskeie persele oor die land regstreeks uitgesaai.

InteliGro, VKB en verskaffers het bymekaargekom om die nuwe baanbreker-oplossing vir die produsente aan te kondig.

